**Sondag 8 Mei**

**Skrifgedeelte: Matteus 7:21-28; HK Sondag 11, Antwoord 30**
**Fokusgedeelte: Matteus 7:21**

## Jesus – geroem met die mond, verloën met die daad

Die aanleiding vir bogenoemde uitspraak in ons belydenis is die praktyk in die Rooms-Katolieke Kerk (RKK). Hulle verklaar dat Jesus ’n volkome Verlosser is. Deur sy lyding en sterwe aan die kruis het Hy ten volle vir al ons sondes betaal. Tog is hulle van oordeel dat die verlossing wat Hy vir ons bewerk het, aangegevul moet word deur die optrede van Maria en die ander sogenaamde heiliges, maar ook deur onsself met die goeie werke wat ons doen.

Nou sê ons belydenis dat hierdie siening uit logiese oogpunt onwaar is. “Slegs een van twee dinge is moontlik: Jesus is nie ’n volkome Verlosser nie, óf die wat hierdie Verlosser met ’n ware geloof aanneem, het in Hom alles wat vir hulle saligheid nodig is.” Dit lei tot die gevolgtreking dat die RKK met die mond bely dat Jesus ’n volkome Verlosser is, maar Hom met die daad verloën.

Dit stel ons voor ’n probleem wat nie net by die RKK gevind word nie, maar van die vroegste tye af tot vandag toe seker in alle kerke en ook by ons in ons persoonlike lewe voorkom: ons bely met die mond dat ons in die Here glo, maar ons verloën Hom met die daad. Abram het op God vertrou. Toe hy in Egipte kom, het hy egter vir sy beskerming nie op God vertrou nie, maar ’n leuen vertel dat Sarai nie sy vrou was nie, maar sy suster (Gen. 12:10-20). Boonop het hy hierdie leuen later herhaal (Gen. 20). In die tyd van Jesaja (29:13) kla die Here ook dat sy volk naby Hom is met die mond, maar hulle hart is ver van Hom af. Verder weet ons ook dat Petrus, wat sy geloof in die Here bely het (Matt. 16:16), Hom met woord en daad verloën het (Mark. 14:26-31; 15:66-72). In die lig hiervan moet ons Jesus se ernstige waarskuwing ook aan ons sien as Hy sê: “Nie elkeen wat vir My sê ‘Here, Here’ sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is” (Matt. 7:21). As ons die Here nie (of nie meer) met besieling en oorgawe dien nie, loop ons maklik gevaar om Hom met die mond te bely, maar met ons dade te verloën (vgl. Jak. 1:22-24).

Het ons al ooit daaraan gedink wat van ons sou word as die woorde van die Seun aan die Vader, dat Hy sal kom om ons te verlos, net woorde gebly het en nie uiteindelik gestalte in die konkrete historiese daad van verlossing aan die kruis gevind het nie? (Vgl. Heb. 10:5-10.)

Hierdie magtige liefdesdaad van ons Here en Heiland moet ons vermaan en aanspoor om Hom uit dankbaarheid met woord en daad te dien.